**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANGE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. 1011/2004

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

en

**GIDEON ANDRIES JANNEKE**

---

**CORAM:** **MALHERBE RP & VAN DER MERWE R**

---

**UITSPRAAK DEUR:** **MALHERBE RP**

---

**GELEWER OP:** **29 JULIE 2004**

---

Hierdie is ‘n hartseer verhaal. Beskuldigde is ‘n 61-jarige pensionaris wat in die Landdroshof, Virginia tereggestaan het op 2 aanklagte, te wete besit van 230 gram dagga en aanranding op sy vrou deurdat hy gedreig het om haar dood te skiet. Hy het sy eie verdediging waargeneem en skuldig gepleit op aanklag 1. Op aanklag 2 het hy onskuldig gepleit. Hy is skuldig bevind op beide aanklagte en die volgende vorige veroordelings is deur hom erken:

8.12.1980: Northam : Bestuur onder die invloed van

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | drank: R240 of 120 dae gevangenisstraf |
| 19.9.1986: | | Thabazimbi | : | Besit van dagga. R120 of 20 dae gevangenisstraf. |
| 29.9.1989 | : | Thabazimbi | : | Besit van dagga. R800 of 6 maande gevangenisstraf. |
| 26.9.1991 | : | Thabazimbi | : | Besit van dagga. R500 of 90 dae gevangenisstraf |
| 19.9.1994 | : | Welkom | : | Diefstal. R300 of 30 dae gevangenisstraf. |
| 30.5.1995 | : | Welkom | : | Besit van dagga. 9 maande gevangenisstraf in geheel opgeskort plus 12 maande korrektiewe toesig. |
| 9.11.1995 | : | Welkom | : | Besit van dagga. R300 of 3 maande gevangenisstraf in die geheel opgeskort. |
| 15.8.1997 | : | Welkom | : | Besit van dagga. R800 of 4 maande gevangenisstraf in die geheel opgeskort. |

Nadat die Landdros die getuienis van 2 maatskaplike werkers aangehoor het, het hy die beskuldigde soos volg gevonnis:

Aanklag 1: 36 maande gevangenisstraf wat in die geheel opgeskort is vir 5 jaar op die volgende voorwaardes:

(i) Dat beskuldigde nie weer skuldig bevind word nie aan oortreding van artikel 4(b) van Wet 140 van 1992

gepleeg gedurende die tydperk van opskorting.

(ii) Dat beskuldigde hom vir die volle termyn van die vonnis onderwerp aan die beheer en toesig van 'n proefbeampte soos aangewys deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Welkom.

(iii) Dat beskuldgide homself onderwerp aan opleiding en behandeling vir alkohol/dwelmverslawing in 'n geregistreerde Rehabilitasiesentrum soos aangewys deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Welkom.

Aanklag 2: 14 maande gevangenisstraf wat in die geheel opgeskort is vir 5 jaar op voorwaarde dat hy nie weer skuldig bevind word nie aan aanranding gewoon op Anna Jacoba Janneke, gepleeg gedurende die tydperk van opskorting.

Hy is ook onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit.

Die Landdros het op versoek aanvullende redes vir vonnis verstrek.

Reeds tydens sy ondervraging ingevolge artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet met betrekking tot aanklag 1 het die beskuldigde die hof meegedeel dat hy vir 44 jaar dagga rook, dat hy aan myntering ly

> "en dit help my, ek voel net baie beter in my longe as ek dit gerook het.

.... Ag so dan werk ek in die tuin en as ek voel die pyn slaan my hier agter, oral dan rook ek dit. Dan voel 'n ou weer beter."

Sy vrou het bevestig dat hy vir baie jare dagga en drank misbruik en dat hy dit op die dag van die voorval ook gebruik het. Volgens haar, sowel as die Polisiebeampte wat ure na die dreigement op die toneel opgedaag het, was beskuldigde

> "sterk onder die invloed van drank."

Dit blyk verder uit mev. Janneke se getuienis dat beskuldigde ontrevrede was omdat sy 'n manlike kuiergas die betrokke dag openlik gesoengroet het toe hy en sy dogter vertrek het. Nadat die gaste vertrek het, het beskuldigde haar gevra waar die .22 "rewolwertjie" was; sy het dit in 'n skede aan hom oorhandig en hy het gedreig om

> "die man wat weer hier kom en jou soengroet sal ek saam met jou doodskiet"

<u>sonder</u> om die vuurwapen op haar te rig.

Ek meen dat die Landdros tereg bevind het dat beskuldigde uit gewoonte dagga rook en drank misbruik. Sy vorige veroordelings dui reeds daarop en beide hy en sy vrou getuig aldus. Die Landdros wou klaarblyklik met die opgelegde vonnisse die beskuldigde tot stilstand ruk. Ek haal uit sy uitspraak aan:

> "Mnr. Janneke, u sit met 'n geweldige probleem. U wil nie erken nie dat u verslaaf is aan dagga nie. U wil ook nie erken dat u 'n probleem het wat drank aanbetref nie. En u wil ook nie erken dat die twee gekombineer, soos die dag van die voorval, dat dit u aantas nie en u wil ook nie erken dat u u vrou wel gedreig het en sodoende haar aangerand het, deur haar te dreig deur te sê dat u haar sal doodskiet nie. Ek sien u skud al weer u kop, maar nou moet u vir my luister mnr. Janneke.

U het vandag 'n kruispad bereik. U sal vandag moet besluit mnr. Janneke wat u met u

lewe gaan doen. Want ek kan vir u waarborg, want nadat ek hierdie vonnis opgelê het, vat u aan 'n drankie, vat u aan dagga, is u onmiddellik tronk toe. Dreig u u vrou op enige wyse hoegenaamd, raak u aan haar, slaan u haar, is die effek meneer dat u daarvoor ook direk tronk toe kan gaan. Want dit gaan die opskortingsvoorwaardes wees, dat u nie dagga gebruik nie of skuldig bevind word aan besit van dagga nie en ook nie dat u u vrou aanrand nie.
Mnr. Janneke, u sal moet gaan introspeksie doen. U is 'n verskriklike hardkoppige mens. Ek het min in my loopbaan so 'n hardkoppige persoon soos u teëgekom. U is reg, al die ander mense is verkeerd. Kom ek sê nou vir u baie mooi meneer, dit is omgekeerd. U is verkeerd, die ander mense is reg. U vrou is reg. Sy wil, soek hulp. Kom ek sê vir u een ding meneer, dagga, ek weet nie of u dit besef nie, aandhoudende gebruik van dagga maak dat u verslaaf word. En buiten dit meneer, is dit bewys dat dagga aanleiding gee tot geestesongesteldheid, soos skisofrenie. U moet pasop mnr. Janneke, u het amper die punt van geen omdraai bereik."

> "In kort wat ek vandag vir u sê, dit is die laaste keer meneer. U moet nou iets doen om uself te rehabiliteer, want niemand kan u meer help nie meneer. Uself moet u nou help. U vrou kan u nie meer help nie, die Hof kan u nie meer help nie. U alleen is die persoon wat homself nou moet help.

En ek waarsku vir u 'n verdere ding mnr. Janneke, u moet u humeur en u hardkoppigheid laat staan. Gesinsgeweld word deur die Howe in 'n uiters erntige lig beskou. Ek kan vir u waarborg meneer, raak u aan u vrou is die kans 99,9% dat u gevangenis toe gaan.
Mnr. Janneke, besit van dagga, veral as ek kyk na u vorige veroordelings is skokkend. Skokkend om te sien dat 'n persoon van u ouderdom so 'n misdaad rekord het. Maar dan is dit ook vir dronkbestuur ook. So, dit wys vir my u het 'n drankprobleem met drank ook. En u sal nou baie mooi moet dink wat u vorentoe gaan doen."

Ek het begrip vir die Landdros se sterk woorde, asook vir sy poging om deur middel van die vonnisse die beskuldigde te help om te rehabiliteer. Nogtans meen ek dat die onderskeie termyne van gevangenisstraf, alhoewel opgeskort, onvanpas swaar is. Drankmisbruik is so oud soos die mensdom self. Ongeveer 40 jaar gelede is die volgende gesê met betrekking tot drankmisbruik in **<u>S v NDHLOVU (2)</u> 1965 (4) SA 692 (A) op p.695C-D**:

> "Intoxication is one of humanity's age-old frailties, which may, depending on

> the circumstances, reduce the moral blameworthiness of a crime, and may even evoke a touch of compassion through the perceptive understanding that man, seeking solace or pleasure in liquor, may easily over-indulge and thereby do things which sober he would not do."

Ek stem met eerbied met hierdie gevleuelde woorde saam. Dit is na my mening ook van toepassing op verslaafdheid aan 'n dwelmmiddel soos dagga.

In die lig van beskuldigde se vorige veroordelings, die getuienis van sy vrou en sy eie erkenning, is dit nie onwaarskynlik nie dat hy in die toekoms weer sal dagga rook of besit en in 'n beskonke toestand weer sy vrou of enigiemand anders mag dreig met liggaamlike leed. (Die Landdros gee in sy aanvullende redes toe dat die opskortingsvoorwaarde dat hy nie weer sy vrou aanrand nie, gewysig behoort te word om na aanranding in die algemeen te verwys). Indien hy as gevolg van "humanity's age-old frailties" weer oortree, sal die opgelegde termyn van gevangenisstraf beslis te swaar wees. 'n Veel korter termyn behoort genoegsame afskrikkingswaarde te hê vir 'n sieklike, 61-jarige drank - en dagga – deurtrekte persoon soos beskuldigde.

Gevolglik word die volgende bevele uitgereik:

1. Die skuldigbevinding op beide aanklagte word bekragtig.
2. Die termyn van gevangenisstraf op aanklag 1 word geskrap en vervang met ses (6) maande gevangenisstraf.

3. Die termyn van gevangenisstraf op aanklag 2 word geskrap en vervang met ses (6) maande gevangenisstraf.

4. Die woorde "op Anna Jacoba Janneke" in die vonnis op aanklag 2 word geskrap.

**J.P. MALHERBE R.P.**

**EK STEM SAAM**

**C.H.G. VAN DER MERWE R**

/scd